# Wesenlike risiko's en geleenthede met 'n impak op waarde

## Oorsig: ons risikobestuursprosesse

Op ons reis om **beter as ooit tevore te word** en om ons belanghebbers ook op hul pad na grootsheid te bemagtig, is dit onvermydelik dat ons sekere risiko's sal teëkom – veral risiko's met betrekking tot die Covid-19-pandemie. Terselfdertyd kry ons ook geleenthede om die risiko's te ondervang en om te groei en te ontwikkel, wat ons grense verskuif om **vandag beter te wees as gister**.

By die NWU volg ons 'n strategiese benadering tot risiko- en geleentheidsbestuur. Ons identifiseer en prioritiseer risiko's en geleenthede wat 'n impak kan hê op ons vermoë om die universiteit se strategie te implementeer, en ons stel toepaslike risikoverligtingstrategieë en -inisiatiewe in werking.

Deur dit alles heen hou ons rekening met die eise van en onsekerhede in die eksterne omgewing en belyn ons ons risikobestuursproses met die King IV-verslag oor Korporatiewe Bestuur vir Suid-Afrika. Hierdie benadering verseker gestroomlynde prosesse en prosedures in ooreenstemming met die voorskrifte van die kode.

### Risikoklusters

**RISIKO-RANGORDENING 1 – RISIKO**
Onsekerhede in die hoëronderwyssektor, grootliks met betrekking tot die onsekerhede oor finansiële kwessies en die befondsingsmodel vir universiteite

**RISIKO-RANGORDENING 2 – RISIKO**
Die vraag na organisatoriese verandering en deurlopende transformasie

**RISIKO-RANGORDENING 3 – RISIKO**
Risiko's m.b.t. akademiese aangeleenthede (onderrig en leer, navorsing en innovasie en akademiese administrasie)

**RISIKO-RANGORDENING 4 – RISIKO**
Versekering van voldoening

**RISIKO-RANGORDENING 5 – RISIKO**
Risiko's m.b.t. die studentelewe, in die akademiese sowel as die nie-akademiese sfeer

**RISIKO-RANGORDENING 6 – RISIKO**
IT-risiko's (met inbegrip van kubersekuriteit) en universiteitstelsels

**RISIKO-RANGORDENING 7 – RISIKO**
Kommersialisering

**RISIKO-RANGORDENING 8 – RISIKO**
Bedryfsrisiko's